

Rooibekkwelea

– ’n landbouplaag –



kolonie ‘n beheeraaksie regverdig en of die gebied beheerbaar is. Faktore soos ekologiese sensitiviteit en die gesondheidrisiko van die gebied word in ag geneem voordat daar op ‘n gesikte beheermetode besluit word.

Indien daar op beheerraatreëls besluit word, sal die beample alle aspekte van so ‘n akse reël, koördineer en bestuur. Privaat kontrakteurs word gebruik vir lugbespuiting of om plofslidings te hanteer. Hoewel die department vir die meeste uitgawes instaan, word van die betrokke boere verwag om logistieke ondersteuning en arbeid te verskaf. Nabehoermonitering word ook deur die beample behartig en die boere is verantwoordelik vir die opruiming van die beheergebied, onmiddellik na die beheer om sekondêre vergiftiging te verhoed.

Die department streef daarna om ‘n doeltreffende en dinamiese diens te lewer. Weens die ingewikkeldheid van beheeraaksies, plaagafmetings gedurende seker seiocene en swak weerstoestande kan vertragings egter soms voorkom.

Deur goede samewerking tussen alle betrokke partye kan probleme egter betyds en doeltreffend uit die weg geruim word.



2009

Gedruk en uitgegee deur

Departement van Landbou, Bosbou en Visserye

Saamgestel deur

Direktoraat: Grondgebruik en -bestuur

Ontwerp en uitleg

Direktoraat: Landbou-inligtingsdienste

Verkrygbaar by

Resource Centre

Direktoraat: Landbou-inligtingsdienste

Privaatsak X144
PRETORIA
0001



Vir meer inligting, kontak:

John Tladi
Privaatsak X120
PRETORIA
0001

Tel. 012 319 7568
Sel 082 457 3741



Department:
Agriculture, Forestry and Fisheries
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Geskiedenis

Rooibekkwelea is 'n vinksoort endemies aan Afrika. In Suider-Afrika kom vyf subpopulasies voor. Hierdie plaagvoëls migrer in groot getalle tussen die RSA, Lesotho, Swaziland, Botswana, Namibië, Angola, Zimbabwe, Malawi, Mosambiek, Zambia en die Demokratiese Republiek van die Kongo. Die grootste plaaslike kolonies rooibekkwelea migrer tussen Suid-Afrika en Botswana.



In ekologies sensitiewe gebeide (vleiland/oop wattergebiede), of waar 'n gesondheidsrisiko bestaan, word ploffadings, bestaande uit 'n mengsel van brandstof en springstowwe, gebruik om kwelea in hul broei- en slaapplekke uit te roei. Hoewel dit 'n baie duur metode is, word dit gereeld gebruik omdat dit 'n lae omgewingsimpak het.

Alle beheeraksies word deur 'n beample van die department georganiseer, gekoördineer en bestuur.

'n Bedreiging vir landbou en voedselsekuriteit

Grassaad is rooibekkwelea se voorkeervoedsel. Wanneer grasaad skaars raak, sal hulle egter op kleingewasse toesak. Hierdie gewasse sluit in koring, sorghum, giers, rys en hawer. Gegrond op veldstudies is daar bereken dat een kweleavink ongeveer 10 % van sy liggaamsmassa per dag vreet en dieselfde hoeveelheid saad vermors. Daar word dus gemiddeld sowat 4 gram kleingraansaad per dag deur elkeen van die voëls vernietig.

Dit klink miskien nie te erg nie, maar bereken volgens die gemiddelde swermgrootte in Suid Afrika van 400 000 kweleavinke, kan so 'n kolonie sowat 1,6 ton kleingraan per dag vernietig.

Die department beheer jaarliks gemiddeld 60 miljoen kweleavinke. Indien geen beheer toegepas word nie, kan dit 'n oesverlies van 240 ton kleingraan per dag veroorsaak. Teen 'n gemiddelde koringprys van R4 000 per ton, kan die skade tot R960 000 per dag bleep.

Wat gedoen moet word

Dit is feitlik onmoontlik om toekomstige plaagafmetings te voorspel. Daar is egter faktore wat 'n aanduiding van kweleagetalte kan gee, soos verskillende

weerstoestande. Rooibekkwelea migreer gewoonlik volgens reënvalpatrone en die beskikbaarheid van voedsel- en waterbronne.

Suid-Afrika het goeie reënval gedurende die 2007/2008 seisoen ondervind, en dus kan 'n bonormale immigrasie van kwelea in die land verwag word gedurende die 2008/2009 seisoen.

Nog 'n oorweging is die omvang van kleingraan-aanplantings in 'n bepaalde gebied. Waar daar min en kleiner aanplantings is, sal kweleaswirms op daardie lande toesak en die skade kan groot wees vir die individuele boer. Hoe meer aanplantings daar is, hoe meer verspreid sal die skade wees. Planttyd kan ook deurslaggewend wees en gewasse wat eerste ryper word, is veral 'n kwesbare teiken vir kweleas.

Oor die algemeen migreer kweleaswirms in September vanuit Botswana na die noordwestelike streke en daarna na die sentrale gebiede van Suid-Afrika en vanaf Desember noordwaarts na gebiede in die Limpopo Provinsie. Teen April, nadat hulle gebroei het, vertrek die meeste swerms terug na Botswana of verder noordwaarts.

Beheer

Beheermaatreëls word na sononder toegepas sodra al die kweleavinke in hul slaapplekke saamgetrek het. Dis is noodsaaklik om die slaapplekke te identifiseer voordat enige beheer kan plaasvind. Dit is daarom die verantwoordelikheid van kleingraanboere om die slaap- of broeiplekke betyds op te spoor en aan die department te rapporteer. Die slaapplekke bestaan gewoonlik uit digte doringbosse, bloekomplantasies en rietbosse en word gewoonlik teen laatmiddag oopgespoor nadat boere die swerms van hul vreetplekke op die lande tot by hul slaapplekke gevolg het.

'n Beample van die department doen vooraf 'n evaluatingsinspeksie om te bepaal of die omvang van die

Reeds sedert 1950 is daar verskeie pogings aangewend om metodes te ontwikkel om die rooibekkweleplaaie te beheer. Sommige metodes was meer geslaag as ander, ander weer baie duur of bloot te gevaarik. Hoewel daar steeds navorsing gedoen word om meer effekiewe en omgewingsvriendelike strategieë te ontwikkel, word veral twee metodes tans deur die department gebruik om die plaag te beheer. Beheeraksies word na sononder uitgevoer in gebiede waar huisende van die voëls saamtrek om te oornag of te broei.

'n Voëldoder word middel van 'n vastevlerkvliegstuig (crop sprayer) of 'n besette slaap- of broeiplek gespuis, mits die gebied nie ekologies sensitief is of 'n gesondheidsrisiko inhou nie.